
SAHARA-AVONTUUR REEKS
No.18
Bitter die Wraak
Meiring Fouché

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Dorstiges | 3 |
| 2. | 'n Vreemdeling | 12 |
| 3. | Vasgestrik | 19 |
| 4. | Verrassing | 29 |
| 5. | Die Lood Vlieg | 38 |
| 6. | Bittere Besluit | 46 |
| 7. | Die Ruiter | 55 |
| 8. | Leë Saal | 64 |
| 9. | Doodskolk | 74 |
| 10. | Man uit die Weste | 84 |


## Hoofstuk 1

## DIE DORSTIGES

'n Lang blonde man in die mondering van die Franse Vreemdelegioen, steier en wankel oor die warm Saharasand net soos een wat beskonke is. Een slag steier hy vooroor en slaan met sy gesig in die sand neer. 'n Paar oomblikke lê hy so met sy arms ver uitgesprei, sy oë gesluit teen die verblindende hitte van die Sahara se son. Toe worstel hy weer stadig op sy knieë en hande, staan 'n paar oomblikke so met sy kop ver vooroor, toe sukkel hy weer orent. Hy loop slingerend en hy maak twee rye spore oor die woestynsand. Sy oë is dof en half verwilderd. Sy gesig is aaklig opgehewe soos 'n man se gesig maar is wanneer hy lank sonder water en kos aan die hitte van die Saharawoestyn blootgestel was. Sy lippe is dikgeswel en gebars. Af en toe sypel die bloed uit die barste en dan lek hy byna gulsig met sy geswolle tong daaroor om die vog op te vang.

Binne die kring van die lewende, brandende horison gaan hy staan. Hy lyk klein en onbenullig hier in die leë wydsheid. Net soos sy skaduwee wat amper nie meer 'n skaduwee is nie omdat die son byna reg bo is. Hy is 'n sterk man. Dit kan 'n mens aan sy liggaamsbou sien. Maar waar hy nou hier staan, het hy minder krag as 'n kind. Hy het moeite om orent te bly. Elke keer wankel hy en dan steier hy skeef. Maar hy bly regop. Want hy weet, as hierdie ekspedisie van hom oor die warm sand nie slaag nie, dan sal hy sterf voordat nog 'n nag verby is—hy en sy paar makkers.

Hy sien die swart skaduwee oor die sand glip. Hy kyk op in die verblindende sonlig wat oor die wêreld lê. Daar is twee van hulle wat om hom draai. Twee van die aaklige bewoners van die uithoeke van die woestyn. Hul vlerke is groot en breed. Hul nekke lank en kaal. Hulle snawels blink soos sabels en hulle oë is wreed terwyl hulle om hom draai. Hy sien daardie gevaarlike kloue. Hy hoor die suising van hulle vlerke terwyl hulle op hom wag om te sterf.

Hy steek sy hande na hulle toe uit. Sy bewende verbrande

hande. ,,Kom julle vloeke,'' skreeu hy. Trane brand in sy oë. Waar hy hier staan en kantel, weet hy dat hy selfs in staat sal wees om een van hierdie vieslike aasvoëls met sy hande te verskeur en hom rou op te eet, sy bloed uit te suig. Dit is wat die Sahara met jou doen wanneer hy jou vang sonder water en kos, soos hy hierdie man en sy paar makkers gevang het.

Die Sahara maak van jou 'n waansinnige dier wat bereid is om enigiets te eet en te drink. Dit breek alles in jou af behalwe die onkeerbare en vernietigende sug na kos en water.

Water. . . wanneer laas het hulle water gehad?

Hy sluit sy oë en sy arms hang slap langs sy sye.

Nou moet hy begin om sy plan uit te voer. Sy plan om homself te red en hulle wat wag. Hy kyk weer 'n maal op na die voëls wat nie ver bokant sy kop draai nie. Toe struikel hy weer 'n paar tree vorentoe en slaan in die sand neer. Hy val met sy kop skeef sodat hy oor die sand kan sien. Die aasvoëls kras oor hom heen. Dit is hul oorwinningslied. Hulle is seker daarvan dat hy nie weer sal opstaan nie. Hulle swaai laer en laer. Hy hoor die sagte suising van hul vlerke, die gefladder van hulle vere. Hy kyk na die swart skaduwees wat 'n kring om hom trek.

,,Kom julle engels,'' fluister hy, ,,kom en val my aan. Dit is waarom ek hierheen gekom het. Dit is daarom dat ek hier in die oop woestyn lê. Kom, julle engels, kom val my aan.''

Hy sluit sy oë 'n oomblik teen die wit strale van die son. Hy voel die sweet teen sy nek afbrand. En verbaas hom dat hy nog kan sweet. Is daar dan nog enige vog in sy gemartelde liggaam oor?

Dit is toe hy die fyn sand oor sy gesig voel spring dat hy sy oë oopmaak. Die eerste aasvoël het neergestryk. Hier 'n paar tree van hom af. Hy maak sy oë net op skrefies oop want hy ken die vindingrykheid van die aasvoël. Hy loer na die ongedierte van die lug. Die ding se vlerke is wyd uitgesprei. Sy asem jaag en sy bek is wyd oopgesper. Daardie twee vlammende geel oë is op hom gerig. Daardie twee oë soek na die laaste teken van lewe by sy slagoffer. Maar die man wat daar lê, lê roerloos. Hy verroer nie 'n spier nie. Al wat in hom beweeg, is die slag van sy hart, en sy stadige, egalige asemhaling wat hy beheer sodat daardie voël selfs geen agterdog





moet hê dat hy nog leef nie.

,,Kom nader, jou engel,'' sê hy vir die vieslike voël. Maar hy spreek dit nie uit nie. Hy sê dit net in sy hart. ,,Kom nader sodat ek jou nek kan breek en jou bloed kan drink. Kom nader sodat ek jou kan dood en jou vleis kan eet.'

Dit is amper asof hy 'n hipnotiese houvas op die aasvoël kry. Want meteens trippel hy 'n paar tree nader, met die twee vlerke nog steeds wyd uitgesprei. Die man wat daar lê, is bewus daarvan dat die ander aasvoëls agter sy rug kom neerstryk het.

Die oomblikke gaan stadig verby. Die oomblikke wat sal bepaal of hy sal leef of sterf. Die oomblikke wat sal bepaal of die Sahara hom sal oorwin of hy die Sahara.

Die sand brand sy oopgespreide hande. Dit brand en skroei sy wang waar dit teen die grond gedruk lê. Maar pyn mag nou nie vir hom bestaan nie omdat die dreigende dood, omdat die lewe wat jy wil besit, belangriker is as pyn. Daarom verduur hy dit. Daarom verroer hy nie eens sy wang wat voel asof dit teen 'n vlam gedruk word nie. Of sy groot hande wat voel asof hulle in 'n oond gedruk is nie. Hy lê net, en deur sy skrefies oë hou hy daardie aasvoël dop wat stadig nader kom. Versigtig. Hy is dankbaar oor die uitdrukking in die voël se oë. Dit is nie die uitdrukking van tevredenheid nie. Daardie voël het amper dieselfde uitdrukking in sy oë as wat hyself in sy oë het.

Die aasvoël sit nou omtrent 'n tree van sy hand af. Hy kan die skurfte aan daardie bene en daardie kloue duidelik sien. Hy kan duidelik sien waar 'n klein veertjie op die voël se vlerk regop staan. Hy kan daardie litteken teen die kaal nek sien waar 'n vyand hom seker beseer het.

,,Kom nader jou engel,'' sê hy weer in sy binneste. ,,Waarvoor wag jy? Waarom kom jy nie nader nie sodat ek met jou kan veg?'' Dit is toe wat dit vir hom voel asof 'n vlam sy hand skroei wat agter sy rug uitgestrek lê. Dit voel vir hom asof 'n warm lem hom daar getref het. En hy weet wat dit beteken. 'n Aasvoël wat hy nie kan sien nie, het begin vreet.

Maar hy kan nie waag om hom te verroer nie. Hy sluit sy oë krampagtig en hy wag op die volgende slag van daardie snawel.

Instinktief kners hy op sy tande. Hy moet roerloos bly.

Dit sal nie help dat hy na daardie voël probeer gryp nie. Hy sal dalk mis gryp.

Maar hoewel sy oë gesluit is, word hy skielik bewus van 'n beweging en toe hy weer kyk, is hy net betyds om te sien hoe die aasvoël, wat hierdie kant van hom sit, vinnig nader draf. Sy aaklige kaal nek ver vooruit gestoot, sy bek oop, sy snawel dreigend.

Toe beweeg hy. Hy beweeg voordat die ander voël sy snawel weer 'n keer in sy linkerhand kan dryf. Sy regterhand skiet uit en hy gryp die stormende voël wat hy kan sien, aan die been. Die volgende oomblik is daar 'n ontploffing van beweging en geluid. Daardie groot vlerke slaan krampagtig, die snawel word agter sy blad en op sy skouer en agter sy nek ingedryf soos die voël veg. Die groot vlerke word op en neer gerus soos hy sukkel om weg te kom. Maar die groot man hou. Hy hou laggend en huilend. Teenoor sy swak krag is die krag van hierdie voël soos 'n orkaan. En toe daardie snawel tydens die worsteling en verblindende pyn op sy wang ingeslaan word, toe is selfbeskerming sy eerste reaksie. Daardie onverwagte nuwe pyn so naby sy oog laat hom sy konsentrasie vir 'n oomblik verslap. Die volgende oomblik het die voël sy been uitgeruk uit sy hand en met 'n verwarde gefladder van vlerke, maak hy dat hy wegkom.

Die lang, blonde man lê wenend daar op die sand. Wenend van pyn en teleurstelling en wanhoop. Toe hy die voël hoor wegfladder deur die warm lug, voel dit vir hom asof dit sy eie lewe is wat daar wegfladder want nou is daar vir hom geen hoop meer nie. Hierdie was sy laaste krag wat hy gebruik het. En selfs sy laaste krag was nie meer genoeg om 'n voël te onderwerp en te oorwin en hom te breek en te eet nie. Nou is dit klaar. Dit weet hy. Hy sal nie weer hier op die sand kan kom lê en 'n aasvoël probeer vang nie.

Hy kan nou net een van twee dinge doen. Hy kan hier lê totdat die son hom mal gebrand het. Totdat hy in daardie aaklige bedwelming verval wat die son van die Sahara oor jou bring as jy lank genoeg aan hom blootgestel is. Hy kan hier lê totdat hy opstaan en skreeu, soos 'n waansinnige oor die sand heen en weer storm en sy oë na die son opgehef terwyl hy hom verbeel dit is 'n waterkol





wat hy aanskou. Rondhardloop totdat die rooi blitse van sonsteek voor sy gemartelde oë verskyn en hy uiteindelik neerslaan met sy hande ver uitgegooi en met sy oë wydoop.

Of hy kan opstaan en na hulle teruggaan wat lê en wag. Hulle wat weet dat hy vir hulle die dood of die lewe gaan haal het. Ja hy kan hier opstaan en terugsukkel na hulle toe. By hulle gaan lê en wag totdat die einde kom. Maar nou is daar niks verder as om te wag op die einde nie.

Op die oomblik voel hy lus om hier te bly lê en hom nooit weer te verroer nie. Hier te lê en wag totdat die Sahara hom opeis. Verwarde beelde van sy jeug skiet deur sy hoof. Hy dink aan 'n groen vallei in die druiwewêreld in die Westelike Provinsie in Suid-Afrika. Met sy gesig sidderend op sy een hand gedruk, sien hy weer daar ver teen die hoë berg die wit waterstroom na benede stort. Hy sien die koelte van groot eike en die kruine van swaar denne. Hy sien die plaas met 'n kelder waar koel wyn rus. Hy hoor stemme en hy sien mense. Mense wat hy al amper vergeet het. Sy ouers en vriende. Hy sien die oë van sy broer wat in hierdie woestyn verdwyn het. Die broer na wie hy kom soek het toe hy by die Franse Vreemdelegioen aangesluit het. Hy dink aan homself en met 'n vreemde verrassing besef hy dat sy naam Stegmann is. Teuns Stegmann. Seker die enigste Afrikaner in die Vreemdelegioen. Hy dink hoeveel maal hy al in hierdie woestyn die dood geflous het. Onder koeëls en sabels en spiese uitgekom het. Uit kerkers gebreek het. En 'n fort deur wanhoop en vrees gebreek het om weer te oorwin.

Maar hy weet dat dit nou alles verby is. Hierdie keer weet hy wie die oorwinnaar sal wees tussen hom en die dood.

Hy rig hom op sy elmboë en kyk na sy beseerde hand. Met 'n snak laat hy sy kop sak en hy lek byna woedend aan die bloed wat uit sy eie wond vloei. Uit die gat waaruit die aasvoël 'n stuk vleis en vel weggeruk het. Toe gaan sy groot skouers aan die skud. Hy voel hoedat die trane brandend in sy oë lê. „Water, water, water!" sê hy met 'n snak. „Ek wil nie nou al sterf nie."

Hy sukkel verder orent totdat hy sit. Deur die dansende hitteduiwels op die woestyn kyk hy terug na die ou tempel wat lyk

soos die wit doodsbeendere van 'n dier wat lank aan die son blootgestel was. Die tempel van die dood. Dit skitter deur die sonlig. 'n Oomblik lyk dit asof die ou bouvallige deure swem en swaai. Asof hulle omkantel en omval en dan weer opgebou word daar voor sy oë. Dit laat hom dieper asem haal. Want hy weet dat dit die voortekens van die dood is wat jou so laat sien. Hy het al gehoor van manne wat hier in die woestyn by die dood omgedraai het. Hulle het vertel dat wanneer dinge eers voor jou begin kantel en draai dan moet jy weet dat die dood nie meer ver is nie.

Meteens voel Teuns Stegmann, die lang blonde Suid-Afrikaner 'n bewende vlaag van vrees deur hom skok. Nee, hy wil nie sterf nie. Nee, nie hier waar hy alleen is nie. Hy wil liewer sterf daar waar ander by hom is. Selfs hier waar hy die dood se vleuel oor hom hoor suis, wonder hy of hy vir die ander nie nog iets kan doen nie. Miskien een van hulle uit die son in die skaduwee neem. Miskien een van hulle met sy kepi koel waai terwyl hy sterf. Miskien vir een moed inpraat.

Hy sukkel lank voordat hy op sy voete is. Hy is soos 'n kind wat die eerste maal moet loop. Hy staan net 'n oomblik daar in sy swaar stewels toe slaan hy agteroor op sy rug maar hy sukkel weer orent. Versigtig sit hy die een voet voor die ander want dit voel asof hy op lug loop. Die gelyke van die sand kantel en swaai met hom. Dit voel vir hom soos ure voordat hy die ou poort van die verlate tempel binne struikel. In die koelte van 'n ou muur gaan hy staan, druk sy gesig teen die warm klip. Hy draai hom om en kyk oor die woestyn uit. Hy sien twee aasvoëls draai—maar hoog waar niemand hulle kan bereik nie. Dit lyk asof hulle hom uittart in die vryheid waar hulle beweeg. Dit is vir hom asof hulle hom uitlag daar uit die groot hoogte duskant die son. Hy kners sy kake opmekaar en bal sy vuiste. Want op daardie oomblik weet hy hoe magteloos hy is.

Hy strompel die ou tempel binne na die verweerde ou pilaargang wat al gedeeltelik inmekaargestort het. Hy loop soos 'n skuldige daarheen, want hy weet dat hy nie geslaag het nie. Een van hulle daar in die koelte sukkel ook orent, staan swaaiend daar en gryp een van die pilare vas. Sy groot gesig is ver uitgestoot. Dit is die groot Duitser Fritz Mundt. Die man wat die reputasie het dat hy die





sterkste een is in die Vreemdelegioen. Maar op hierdie oomblik is ook hy so kragteloos dat hy sy liggaam teen die pilaar orent moet hou.

Toe hy 'n paar tree van hulle af kom, steek Teuns Stegmann vas, gooi sy hande magteloos omhoog. Hy praat nie, maar daardie een gebaar is genoeg om van sy mislukking te getuig.

,,Jy het misluk,'' hoor hy vir Fritz Mundt sê. ,,Nou sal ons moet sterf.''

Teuns sukkel 'n paar tree nader tot op die skaduwee. ,,Ja, ek het misluk,'' fluister hy en laat sy groot kop sak. ,,Ek het nie meer krag nie. Ek sê jou ek het nie meer krag nie.''

Jack Ritchie, die blonde Engelsman sit daar met sy bene ver uitgestoot met sy rug teen die muur aangeleun, sy kop skeef. Slap en skeef asof sy nek gebreek is.

,,Jy het niks gebring nie,'' prewel hy soos 'n kind wat 'n geskenk verwag het en nou besef dat hy teleurgestel is.

,,Ek sê julle ek het nie meer krag nie,'' skreeu Teuns dit uit, sukkel die twee trappe op en kom val teen die muur in die koelte neer. ,,Ek het een gehad,'' sê hy. Hy sê dit driftig. Sy stem bewend. ,,Ek het een gehad in my hand, maar toe pik hy my in my gesig en die pyn was so groot dat my hand oopgebly het. Maar ek sou hom in elk geval nie kon vashou nie, dit weet ek nou.'' Hy laat sy groot kop tussen sy knieë sak en hy lag snaaks. ,,Kan jy dit glo? Teuns Stegmann het so min krag dat hy nie 'n aasvoël kan vashou nie.''

Die groot Fritz sak teen die pilaar af en sit daar. ,,Ons is almal sonder krag,'' sê die groot Duitser. ,,Dis nie net jy nie, mon ami.''

,,Maar ek het hom gehad,'' skreeu Teuns weer. ,,Ek het hom gehad en toe het ek hom laat ontsnap.''

,,Ons sal weer vannag een op die muur probeer vang,'' sê Jack Ritchie asof hy vir Teuns probeer troos.

,,Jy weet dit is nodeloos,'' sug die Suid-Afrikaner. ,,Jy weet dis onmoontlik. Ons sukkel nou meer as 'n week om een te vang. En ons het nie geslaag nie. As ons maar eerder daaraan gedink het om in die woestyn te gaan lê, dan het ons nou al een gehad.''

,,Ons praat te veel,'' sê Fritz. ,,Praat maak dors. Praat neem

krag weg."

Daar kom 'n flikkering in Jack Ritchie se oë. ,,Sukkel jy nog om te leef, Duitser?" vra hy vir Fritz Mundt. ,,Hoe gouer ons sterf hoe beter. Sterf moet ons."

,,Wanneer het ons laas water gedrink?" vra Teuns net soos iemand wat in 'n beswyming verkeer.

,,Dit is byna drie dae gelede," antwoord Fritz. ,,Ons is nou byna drie dae sonder water en kos."

,,Jack Ritchie swaai sy blonde kop heen en weer. ,,Moenie dat ons verder daaroor praat nie," sê hy. ,,Nie oor water en oor kos nie. Laat ons om Gods naam stil wees en swyg."

,,Dalk sal iemand nog hier verbykom," sê Fritz en sy kop rol op sy groot bors.

,,Jy verdien om te leef," antwoord Teuns. ,,Jy gee nooit moed op nie, ou grote. Maar wie sal hier verbykom? Hier waar geen karavaanroete is nie. Hier waar geen patrollie van die Vreemdelegioen ooit kom nie. Hier waar ons volkome uit die pad is van alle Arabiere. Nee niemand sal kom nie, ou grote. Maar vannag sal ons weer probeer om 'n aasvoël te vang."

Fritz maak 'n snaakse geluid. 'n Geluid van wanhoop. En ook dit is 'n teken dat hulle nie lank meer kan leef nie. Wanneer die Sahara die laaste uit jou neem, dan is jy op een oomblik 'n optimis wat enige oomblik redding verwag en die volgende oomblik is jy weer daarvan oortuig dat jy gaan sterf.

,,Ons probeer nog elke nag," sê Fritz, ,,maar ons het nog nie een aasvoël in die nag kon vang nie. Maar miskien sal ons vannag een vang. Wie weet."

Toe swyg hulle want hulle weet dat elke woord wat uitgespreek word, die ontsettende, vretende dors van hulle verhoog. Elke woord wat uitgespreek word, verminder die bietjie krag wat daar nog is. Daarom swyg hulle en kantel om van pure uitputting. Hulle lê roerloos daar in die skaduwee van die ou pilaargang van die vergete tempel. Ja, dit is 'n vergete tempel want die klein oase waarby dit gebou is, het so lank gelede volkome opgedroog dat daar nou nie meer die minste teken van water is nie. Hulle raak aan die slaap en dit is toe die koel skemerwind oor die woestyn waai,





dat Fritz wakker word. Die skemerlig bring 'n vreemde skoonheid aan die bouvalle. Die wind is koel en lawend. Die groot Duitser kom op sy voete en strompel die trappe af en gaan staan tussen die gevalle pilare en mure. Hy laat die wind sy gesig aanraak. Dit roer sy hare. Maar in sy oë is daar vrees en nuwe wanhoop. 'n Rukkie staan hy na die hoë mure van die tempel en staar—totdat die ontsettende besef eindelik tot hom deurdring.

Toe gaan hy struikelend terug waar Teuns en Jack Ritchie slaap. Hy roep op hulle en toe hulle verskrik orent sit soos twee kinders wat uit die nagmerrie wakker geword het, sê Fritz Mundt met 'n groot stem: ,,Kyk na die mure!"

,,Wat van die mure?"

,,Kan jy nie sien dat hulle kaal is nie? Kan jy nie sien dat die aasvoëls nie vanaand gekom het nie? Daar is nie een op die mure nie. Nie 'n enkele een nie."

,,Mon Dieu," sê Jack Ritchie. ,,Dit is waar: daar is nie een op die mure te sien nie. Hulle het seker uit die woestyn getrek.

,,Ja, hulle het seker iets beter gesien,' sê Teuns. ,,Ja, daar is nie een nie. Selfs die aasvoëls het ons verlaat."

,,Ja, selfs die aasvoëls het ons verlaat," sê Fritz Mundt verbitterd.

,,Ja, en vanaand is ons laaste aand," sê Jack Ritchie met 'n snaakse laggie daarby. ,,Môreaand sal ons nie meer weet of daar aasvoëls op die mure van die tempel sit nie."

Toe staan hulle net daar en laat die wind hulle streel. Staan net daar en luister na die gesing en geloei van die fyn wind deur die ou tempel. Die ou tempel wat hulle sal gevange hou sodat niemand seker eens sal weet waar hulle gesterf het nie.

In hul hart hoop hulle nog. Hoop hulle dat hulle netnou die gefladder en die gesuis van groot vlerke sal hoor.

Maar toe dit eindelik stikdonker is, toe is die tempel nog stil. Toe het nog geen aasvoël teruggekeer nie. Daar is net die kaal mure en die wind wat sing. . .

## 'N VREEMDELING

Dit is nog vroeg toe Teuns Stegmann wakker word. Nie uit 'n diep slaap nie, maar uit 'n ligte sluimering wat aangebring is bloot uit uitputting. Uitputting en swakheid. Maar nie een van hulle het juis vannag geslaap nie. Hulle was dikwels wakker omdat geen man kan slaap wanneer die honger en dors so teister nie. Omdat geen man kan slaap wanneer die verlede voor hom kom staan omdat die dood so naby is nie. Teuns draai op sy sy. Hy kry dit slegs met die grootste moeite reg. Vannag het sy kragte nog minder geword. Daar is 'n groot suising in sy hoof. Sy oë kan nie meer mooi duidelik sien nie. Hy moet lank na die buitemure van die tempel staar voordat hy besef dat hulle nog steeds kaal is. Voordat hy kan besef dat die aasvoëls nog nie teruggekeer het nie. Maar hy weet ook dat dit nie meer saak maak nie. Hy kan sy hand slegs met moeite optel en hy weet dat hy nie meer in staat sal wees om 'n aasvoël vas te gryp en te oorweldig nie. Selfs daarvoor het hy nie meer krag nie.

Hy kyk na Fritz Mundt en Jack Ritchie wat albei nog in 'n onstuimige en onrustige sluimering verkeer. Hul vingers en hulle voete ruk krampagtig in die halfslaap asof hulle deur nare nagmerries geteister word. En deur die bedwelming waarin hy verkeer, deur sy eienaardige ylhoofdigheid kom die weemoed in sy hart oor hierdie twee manne. Hulle het al saam so baie deurgemaak en nou lê hulle hier op die drumpel van die dood. Sonder dat daar 'n plan of skema is om hul daaraan te laat ontsnap. Teuns probeer orent kom, want sy liggaam is seer gelê. Hier op die ou marmer van die tempel. Hy is nie verbaas toe hy vind dat hy nie orent kan kom nie. Op die oomblik wat hy beweeg, swem alles om hom heen, swem en kantel en sweef hy. Hy het geen beheer oor sy liggaam of sy ledemate nie. Sy bene vou onder hom. Hy kantel skeef en val toe op die marmer neer. Hy bly op sy rug lê met sy oë groot, starend na die blou lug, die kille blou lug wat stadig uit die skemering van die nag tevoorskyn tree. Hy kyk daarna sonder dat hy in staat is om sy oë af te





wend, want die lang Suid-Afrikaner weet dat dit die laaste maal is dat hy die dagbreek so sal aanskou. Dit sal die laaste maal wees dat hy sal sien hoedat die lug stadig opgroei en die donker verdwyn. Wanneer die dag môre só breek, dan sal hulle weg wees—sonder 'n verlede, sonder 'n vooruitsig.

En snaaks, op hierdie oomblik wek die vooruitsig van die dood by hom geen vrees nie. Net 'n eienaardige heimwee. 'n Verlange na iets, hy weet self nie wat nie. Hy probeer sy dik tong oor sy lippe skuif, maar sy tong is so pynlik geswel dat hy daarvan afsien en maar net doodstil bly lê. Selfs die geringste beweging van 'n spier in sy liggaam is 'n vurige pyniging. Die klippe wat hy al so lank gelede in sy mond geplaas het, lê warm en droog onder sy tong. Dit help lankal nie meer nie.

Hy probeer dinge onthou wat verby is. Hy probeer weer sy jeug optower saam met sy broer daar op die Bolandse plaas. Hy probeer sy eerste dae in die Franse Vreemdelegioen onthou. Hy probeer ekspedisies onthou met capitaine D'Arlan. Hy probeer die aaklige ramp onthou wat hulle 'n paar dae gelede getref het, maar dit kom nie meer duidelik tot hom nie. Alles is verlore in 'n pynlike vae wasigheid waarin hy rondsweef soos in 'n blou rookdamp wat hom omgewe.

Die beswyming kom weer oor hom en hy is dankbaar. Dankbaar toe hy weer stadig daarin wegsink, toe dit oor hom kom en die pyniging van honger en dors in hom afstomp. Hom laat wegsink in 'n gedagtelose donker kolk waar niks bestaan nie.

Toe hy weer bykom, voel hy die lafende klammigheid aan sy lippe. Die verkoelende vogtigheid in sy keel.

Hy word stadig bewus van 'n groot, donker vreemdeling wat hier by hom hurk.

„So—die Legioensoldaat is besig om na die lewe terug te keer," sê die donker vreemdeling. Hy sê dit op 'n snaakse manier, sodat Teuns na hom kyk. Daar is 'n vreemde glimlaggie om die man se mond. Hy kyk na sy makkers wat daar staan en hulle glimlag ook.

„Wie is julle? Waar kom julle vandaan?" vra Teuns.

„Jy is 'n nuuskierige soldaat, Signor," sê die vreemdeling. „Is